FRIEDA ROSSOUW - PROFIEL

Frieda is een van daardie rare mense wat altyd ’n geleentheid vir pret raaksien en wat so vir die ligter oomblikke in die kantoor sorg. Van al Lewensverrryking se kantoorpersoneel is sy die veteraan wat in die beginjare alles gedoen het wat gedoen moes word: organisasie, seminaarmateriaal, skakeling met die span en met die publiek, sowel as die finansies.

Frieda is ’n meester organiseerder. Gee vir haar ’n uitdaging in die verband en sy is in haar element. Daarby is sy ’n mens-mens by uitnemendheid. Talloos is die getuienisse van persone vir wie Frieda by die seminaar gekry het deur haar omgee en betrokkenheid. Ook ons in die kantoor kan altyd reken op haar omgee as ons behoefte het aan troos. Afgesien van navrae hanteer, is Frieda tans veral verantwoordelik vir skakeling met die publiek en die span, die hotel en vir wat ookal andersins georganiseer moet word.

Frieda en haar man, Tielman, is van daardie egpare wat deur die jare aan mekaar gesement is. Ook as egpaar is hulle vir baie mense tot seën. Frieda sê die teks wat haar lewensfilosofie illustreer is *“want om te lewe is vir my Christus, en om te sterwe wins”.* (Fil. 1:21)